MAART / APRIL 2019

"Roep My aan en Ek sal jou antwoord" (Jer. 33:3)

# JAPANSENDING

Geroep om te Dien

## GRAFFITIKUNSTENAAR VIR JESUS - Deel 2



*Yasutaka Yoshida*

Yasutaka Yoshida is in Desember 1985 gebore en het opgegroei in Osaka. Sy ouers is geskei, dus het hy grootgeword by sy moeder en drie jonger broers. Sy was 'n Christen en het hom elke Sondag kerk toe geneem.

Yasutaka het gebid dat sy vader sou terugkeer, maar aangesien God nie sy gebed verhoor het nie, het hy gefrustreerd gevoel en God se bestaan begin betwyfel.

"Nadat ek klaargemaak het met hoërskool, het ek die huis verlaat en by die Japannese Selfverdedigingsmag aangesluit," het Yasutaka gedeel. "Ek het ook begin luister na musiekgroepe soos 'club', hip-hop en R&B. So het die Selfverdedigingsmag en musiek my lewe geword.

Ek het begin om allerhande soorte tydskrifte te lees en so foto's van partytjies in oorsese lande gesien. Dit het na baie pret gelyk en daar was foto's van mense wat iets gerook het, maar dit was nie sigarette nie. Dit was marijuana, wat beskryf is as ''n kaartjie na 'n wonderlike lewe'!

Ek het kort daarna marijuana begin rook en is later gearresteer en geskors uit die Selfverdedigingsmag. Ek is drie maande later vrygelaat en was gedetermineerd om 'n skoon lewe te lei en nie weer my verpletterde moeder teleur te stel nie.

Ek het egter gou vriende gemaak met 'n paar graffitikunstenaars en het weer begin om marijuana te rook. Eenkeer het ons besluit om op die dak van 'n woonstelkompleks graffiti te teken. Dit was 'n plek wat gesien kon word vanaf die treinplatform. Ons het van een gebou na die ander gespring om by die dak te kom. As ons sou val, sou ons dood wees, maar ons was almal gedetermineerd om te teken op daardie hoogs sigbare plek, dus het die gevaar ons nie teruggehou nie.

Al vier van ons het gelyktydig geskilder sonder 'n oppasser en die reuk van die spreiverf het vinnig in die lug versprei. Skielik het ons stemme onder ons gehoor. Daar het mense uit die kroeë gekom en geskreeu, 'Haai, hulle is besig om iets te teken! Dis graffiti! Bel die polisie!'



*Yasutaka teken graffiti*

Ons het na die volgende gebou gespring en met die noodtrappe afgehardloop. Ek het vir 'n lang tyd onder 'n kar geskuil. Nadat die polisie weg is, het ek my vriende gebel en gehoor dat een van hulle gearresteer is.

'n Paar dae later is een vir een van my vriende gearresteer. Een môre het die polisie my deur afgebreek. 'Jy is Yasutaka Yoshida, nie waar nie? Ons het 'n lasbrief vir jou arrestasie!' het hulle gesê. Ek het probeer om my uit die situasie te lieg, maar ek is gedwing om saam met hulle te gaan.

My nuwe 'huis' was 'n klein tronksel sonder 'n toilet. My ma het aan my 'n Bybel en 'n bietjie klere gestuur. 'Asof ek dit gaan lees,' het ek gedink en gooi die Bybel dwarsoor die kamer.

Ek het nie 'n foon gehad nie en kon nie my vriende buite sien of uitgaan nie. Na twee maande het ek so gefrustreerd gevoel dat ek die Bybel begin lees het. Dit was die eerste keer wat ek vir myself die Bybel oopgemaak het. Die vers, '**want die loon van die sonde is die dood**' (Romeine 6:23) het my aandag getrek. Ek het besef dat ek hel toe gaan wanneer ek sterf.

Van daardie dag af het ek begin om antwoorde te soek en God het met my hart begin praat. Die Here het my gehelp om my sonde te sien en ek het Hom gevra om my te vergewe vir die selfsugtige lewe wat ek gelei het. 'n Gevoel van vrede het oor my gekom en van daardie dag af kon ek lekker slaap. Ek het niks gedoen om dit te verdien nie, maar ek het geweet dat God my gered het!

Ek het spoedig 'n begeerte ontwikkel om ander van Jesus te vertel. Juis toe is 'n boemelaar na my sel toe gebring. Hy is gearresteer, omdat hy bly kos steel het. Vandat hy ingekom het, het hy verskriklik geruik. Ek het nog nooit so iets walgliks geruik nie, maar ek het dit aan die begin verdra.

Nadat ek die Here aangeneem het, het ek besluit om gaaf te wees teenoor almal, maar ek kon nie die stank uitstaan nie en het gou vir hom dit laat verstaan. Ek het 'n lyn getrek waar my mat begin het en hom vertel dat hy nie daardie lyn mag kruis nie! Die ou man het in stilte na die oorkantste muur gekyk.

Ek het gedink dis nie my skuld dat hy so sleg geruik het nie en het probeer om bietjie te kan slaap. Terwyl ek gelê en dink het, het ek die woorde onthou wat ek gelees het in die Bybel, '**Jy moet jou naaste liefhê**'.

'Het ek ooit die mense liefgehad wat gesê het hulle hou van my'? het ek gewonder. 'Het ek hulle nie net gebruik vir my eie voordeel nie? Ek het altyd iets in ruil verwag, dus was dit nie liefde nie, was dit? Ek het besef daar was geen liefde in my nie!'

Toe ek my oë toemaak, het 'n stem in my binneste gefluister: 'Hoekom het jy daardie lyn getrek en daardie ou man aan die ander kant gesit? Ek het die lyn oorgesteek en Ek het jou lief.'

'Hoekom?' het dit in my binneste uitgeroep. Ek het toe besef dat ten spyte daarvan dat Jesus Christus God was, het Hy gekom om op hierdie aarde te leef. Hy het daardie kloof oorkruis wat geen mens sou kon regkry nie. Hy het nie net sy hand uitgesteek nie. Hy het sy lewe opgegee en is aan 'n kruis gespyker vir iemand wat so 'n vuil hart het soos ek, maar dit het nie net in die dood geëindig nie. Hy het opgestaan uit die dood!


**Verteenwoordigers in Japan: DAWID & SUE VERWEY**

| | |
|---|---|
| **7-40 MONZEN CHO** | **Posbus 30106** |
| **IKOMA CITY, NARA KEN** | **WONDERBOOMPOORT 0033** |
| **630-0266, JAPAN** | **Tel: (012)377-1533** |
| **Tel: 0081-743731754** | **083 719 0227** |
| **Faks: 0081-743731681** | **Faks: (012)377-1533** |
| **www.japanmission.org** | **sa@japanmission.org** |

**www.facebook.com/japanmission.jm/**

**Indien u rapporte en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org**

## DIE SENDING SE UITREIKINGS - "BID VIR ONS"

- Bybels en Leesstof
- Studente Uitreiking
- Bejaardes Uitreiking
- Evangelisasie Byeenkomste
- Oudiovisuele Uitreiking
- Hospitaal Evangelisasie
- Engelse Evangelisasie

***ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING* teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie. Ons trag om alle donasies persoonlik te erken, maar ongelukkig verskyn daar dikwels nie voldoende inligting op die bankstate nie.**

**▪ Sal u asb so goed wees om ons te laat weet as u nie 'n erkenning ontvang het nie en ook as u van adres verander.**

**Dit sal 'n groot hulp wees indien die donateur se NAAM en TELEFOONNOMMER duidelik op die Bank Deposito-strokie of Debietorder of Internet oorbetaling verskyn.**

**▪ Met opregte waardering erken ons die volgende bankinbetalings waarvoor daar ongelukkig nie voldoende inligting op die bankstate verskyn nie:**

**STANDARD BANK:- 2/1/2019, 3/1, 9/1, 14/1, 16/1, 21/1, 30/1, 31/1, 4/2, 6/2.**

**ABSA BANK:- 1/1, 2/1 NLM drukkers, 2/1, 7/1, 10/1, 16/1, 18/1, 25/1, 26/1, 28/1, 28/1 Bybels, 26/1 Stilbaai, 2/2, 2/2 NLM drukkers, 3/2, 8/2, 16/2, 18/2/2019.**

**▪ Tjeks kan aan JAPANSENDING betaalbaar gemaak en gekruis word. Dit is egter nie veilig om banknote per pos te stuur nie. 'n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van STANDARD BANK of ABSA BANK of 'n debietorder kan gebruik word.**

**Nogmaals BAIE DANKIE, liewe vriende. Mag die Here u seën.**

**Naam van Rekening: JAPANSENDING**
**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**
**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**

***JAPANSENDING, POSBUS 30106, WONDERBOOMPOORT 0033***
***Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org***

*(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08*

Ek het uiteindelik verstaan en God gedank dat Hy my gewys het dat Jesus gekom het om iemand met 'n vuil hart soos myne te red - vuiler as die daklose ou man met wie ek die kamer gedeel het. Daarna het ek my sel gedeel met dwelmverslaafdes, swart smouse en 'n man wat iemand doodgery het met sy kar.

Ek het gedink dat hierdie mense regtig sleg was, maar ek het begin besef dat ek in God se oë nie verskillend was nie. Dit was 'n saak van die hart. Ek sal nooit iemand doodmaak nie, maar ek het baie mense gehaat.

Ek het onthou hoe ek as kind gebedjies opgesê het. Ek het altyd gedink dat gebed eenvoudig 'n paar lyne is om te resiteer, maar God het my geleer dat gebed 'n gesprek is. Trane het begin vloei toe ek tot die besef kom van die diepte van God se liefde vir my. Ek is gevul met 'n gevoel van vreugde en het vreemd tevrede gevoel met my omstandighede.

Ek is in September 2007 vrygelaat nadat ek agt maande uitgedien het en ek het 'n ruk later werk gekry by 'n ouetehuis. Terwyl ek die oumense versorg het, het ek begin dink, 'Wat gaan met hierdie persone gebeur wanneer hulle doodgaan? Waar gaan hulle heen?' Ek het besef dat daar geen hoop vir sulke mense is as ek nie die persoon word wat aan hulle die evangelie op 'n eenvoudige manier gaan verduidelik nie.

Kort daarna het die Here my gelei om die Bybelskool by te woon vir drie jaar. Nadat ek gegradueer het, het die Here vir my die deur oopgemaak om 'n dominee van 'n kerk te word. God het ook wonderlike geleenthede geskep om my tekenvermoë te gebruik om jongmense vir Christus te bereik. Ek het graffiti met Christelike boodskappe op 'n reuseskilderdoek geteken en dan my getuienis gedeel.

Voorheen het ek 'n lewe gelei soos wat ek gedink het goed was. Nou wou ek hê God moet my gebruik volgens sy wil.

Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle aangestel om uit te gaan en vrugte te dra, vrugte wat sal hou. So sal die **Vader aan julle gee wat julle ook al in sy Naam vra** (Johannes 15:16, NAV).

## *WERK IN VENNOOTSKAP*

Japansending plant nie kerke nie. Ons gebruik verskeie metodes om die verlorenes te bereik en hulle aan die plaaslike kerke voor te stel.

Ds. Yoshida is die predikant van so 'n kerk. "As 'n kind het my moeder my gedwing om 'n kerk wat baie wetties is, by te woon en ek het geglo dat om 'n Christen te wees meestal was om 'n klomp reëls na te kom," het ds. Yoshida gedeel. "Dis waarom ek 'n behoefte gehad het om gesinne en kinders te verwelkom by ons kerk en maniere gevind het om God se liefde aan hulle te kommunikeer."



*Ds. Yoshida*

Een keer per maand het ons 'n spesiale Sondagdiens vir die kinders gehou, waar die ouers ook deelneem aan die handwerk, Bybelstorie-vertellings, sang en om met die kinders te speel. Jesus het gesê: '**Laat staan die kindertjies en moet hulle nie verhinder om na My toe te kom nie, want die koninkryk van die hemel is juis vir mense soos hulle**' (Mattheus 19:14, NAV).

Japansending het ds. Yoshida voorgestel aan baie mense wat bereik is deur die Engelse klasse, die Kinderklub, Engelse kamp en die CAYA Café-bediening. Party gesinne het sy kerk begin bywoon en het waarlik begin belangstel in Christelikheid. **Bid** dat baie sal begin om die Here te leer ken deur ons vennootskap met verskeie kerke.

## *MOEDERS SE HUIS VAN GEBED*

Christenmoeders voel dikwels oorweldig en het 'n behoefte aan baie bemoediging. Eri Verwey (Alex se vrou) lei 'n byeenkoms vir moeders by Japansending, wat genoem word Mamma se Huis van Gebed (Mama HOP).

Moeders met klein kindertjies vind dit dikwels moeilik om tyd vir gebed en gemeenskap te vind en neem dan hulle kinders saam waar daar persone is wat na hulle omsien, terwyl hulle dan fokus op hulle wandel met God. Mama HOP bied 'n veilige tuiste waar hulle geloof weer herstel en nuwe verhoudinge nuwe lewe gegee kan word, terwyl hierdie moeders in gebed verkeer met die Here.

**Bid** saam met ons vir hierdie Japannese moeders, wat die volgende generasie babachristene opvoed en ook groot invloed in hulle huise en gemeenskappe. **Bid** dat hulle wysheid sal kry terwyl hulle sukkel om die regte manier te kry om God se liefde aan hulle familielede te wys, terwyl dié familie nog streng vasklou en getrou bly aan hulle baie heidense rituele.